

LL

Saak No 81/1984IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKAAPPÈLAFDELING

In die saak tussen:

MICHAEL SOCI

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: RABIE HR, BOTHA et HEFER ARRVERHOORDATUM: 20 SEPTEMBER 1985LEWERINGSDATUM: 27 SEPTEMBER 1985

UITSPRAAK

/BOTHA AR ...

BOTHA AR:-

Die appellant kom in hoër beroep teen 'n vonnis van 18 jaar gevangenisstraf wat hom opgelê is in die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop deur BAKER R, nadat hy skuldig bevind is aan moord met versagtende omstandighede. Verlof om te appelleer is deur die Verhoorregter geweier, maar is daarna aan die appellant toegestaan ten gevolge van 'n versoekskrif wat aan die HOOFREGTER gerig is.

Die verhoor van die appellant het soos volg verloop. Toe die aanklag van moord aan hom gestel is, het hy daarop skuldig gepleit. Die advokaat wat namens hom by die verhoor opgetree het, mnr Duminy, het die Verhoorregter meegedeel dat die pleit in ooreenstemming was met sy opdrag, dat hy 'n verklaring opgestel het in gevolge artikel 112 (2) van Wet 51 van 1977, en dat hy die verklaring sou voorlees en dan inlewer. Die verklaring wat voorgelees en ingelewer is, sien soos volg

/daar ...

daar uit:

- "1. Die Beskuldigde in hierdie aangeleentheid pleit skuldig aan die misdaad van Moord maar pleit dat daar versagtende omstandighede aanwesig was.
2. Die feite wat die Beskuldigde erken en waarop hy soos voormeld pleit, is die volgende:
 - (a) Op Saterdag 28 Maart 1981 en te Mbekweni, distrik Paarl, het die Beskuldigde vir ene Mzonke Ninzi gedood deur hom met 'n mes te steek.
 - (b) Alhoewel die Beskuldigde nie die direkte opset gehad het om die oorledene te dood nie het hy wel besef dat hy moontlik deur sy optrede die oorledene se dood kon veroorsaak, maar het desnieteenstaande met sy aanval volhard.
 - (c) Ten tye van die aanval op die oorledene was die Beskuldigde sterk onder die invloed van sterk drank. Daarsonder sou die Beskuldigde nie die misdaad gepleeg het nie.
 - (d) Voorts is die Beskuldigde se optrede te wyte aan die feit dat hy deur die oorledene geprovokeer is deurdat die oorledene sekere van die Beskuldigde se besittings van hom gesteel het en later 'n leë drankbottel na die Beskuldigde gegooi het.

(Get.) W R E Duminy
Beskuldigde se Advokaat"

/Nadat ...

Nadat die verklaring voorgelees is, het die Verhoorregter van die appellant verneem of dit reg is wat sy advokaat gesê het, waarop die appellant bevestigend geantwoord het. Mnr Rörich, wat namens die Staat opgetree het, het die Hof meegedeel dat hy die pleit aanvaar. Die Verhoorregter het daarop gewys dat daar by die klagstaat 'n verdere verklaring, ingevolge artikel 115 (van Wet 51 van 1977), aangeheg was, en het verneem of dit "ingehandig" word. Mnr Rörich het bevestigend geantwoord en mnr Duminy het die Hof verwittig dat die verklaring ooreenstem met sy opdrag. Daarop het die Verhoorregter aangekondig dat die appellant skuldig bevind word. Die inhoud van die verklaring ingevolge artikel 115 blyk uit die volgende uittreksel uit die Verhoorregter se latere uitspraak tydens vonnisoplegging:

"Hy het daar verklaar dat hy naby 'n melkery gesit het saam met 'n ander man wat daar gewerk het en hulle was besig om 'n 'nipp', dit is 'n kwart- of 'n agste-bottel, brandewyn te drink. Die oorledene het daar gekom, sê hy, en die drank gegryp en daarmee wegge-

/hardloop ...

hardloop. 'Hy het na sy huis toe gehardloop. Ons het ander drank gekoop en dit gedrink. Ek het daarna na die oorledene se huis gegaan saam met 'n seuntjie. Toe ek daar kom het die oorledene en sy ma uitgekom. Ek het 'n rapport aan sy ma gemaak. Ek was onder die invloed van drank en het verby gegaan na my huis toe. Ek het 'n rukkie by my huis gebly en toe gaan ek na die oorledene soek. Ek het hom by 'n smokkelhuis gekry. Toe ek inkom het hy probeer weghardloop. Ek sê hom hy moet my drank gee of my geld. Die oorledene hardloop tussen die mense deur en hy hardloop uit. Ek het hom gevolg, ingehaal en ek het hom met 'n broodmes iewers op sy bolyf gestee en op sy been. Hy het geval en ek het huis toe geloop. Ek het die mes vir my pa gegee en hom vertel wat gebeur het.'

Dit blyk dat nadat die beskuldigde bewus geword het dat sy slagoffer inderdaad dood was, het hy berou getoon en die familie gaan besoek en verskoning gevra vir wat hy gedoen het."

Nadat die appellant skuldig bevind is, het mnr Rörich, met die instemming van mnr Duminy, die regsgeneeskundige lykskouingsverslag ten opsigte van die oorledene as 'n bewysstuk ingelewer. Uit daardie verslag blyk dit dat die oorledene agt steekwonde opgedoen het. Twee daarvan was in die borskas, en was noodlottige wonde; die

/ander ...

ander was versprei oor die oorledene se liggaam. Mnr Rörich het ook die appellant se vorige veroordelings, wat hy erken het, aan die Hof voorgelê. Slegs een daarvan is ter sake: in 1975 is die appellant 'n opgeskorte vonnis van 6 maande gevangenisstraf opgelê vir poging tot roof ten opsigte van 'n seun van 16 jaar wat hy met sy vuiste geslaan het. Tydens daardie oortreding moes die appellant omtrent 17 jaar oud gewees het, want by sy verhoor in die onderhawige saak, wat in 1981 plaasgevind het, was hy 23 of 24 jaar oud. Mnr Rörich het voorts die Hof meegedeel dat dit gemene saak was dat die oorledene se "bloedalkohol 0,27" was. Daarna het mnre Rörich en Duminy die Hof toegesprek oor vonnis, en ten slotte het die Verhoorregter 'n uitspraak gelewer waarin die reeds genoemde vonnis van 18 jaar gevangenisstraf die appellant opgelê is.

Ek het hierbo die hele verloop van die verhoor geskets, omdat ek my verplig voel om te sê dat die beeld

/wat ...

wat daaruit na vore kom verontrustend is. 'n Vonnis van 18 jaar gevangenisstraf is 'n geweldige swaar vonnis. Straftoemeting van hierdie omvang behoort na my mening nie te geskied sonder 'n deeglike en diepgaande ondersoek na al die tersaaklike faktore nie, onder meer die presiese omstandighede waaronder die oortreding gepleeg is. Om so 'n vonnis te vel aan die hand van die karige soort gegewens wat in die huidige geval vorendag gekom het, slegs by wyse van kort verklarings gemaak deur en namens 'n beskuldigde, kom my voor onbevredigend en onwenslik te wees. 'n Verhoorregter wat in gedagte het om so 'n swaar straf op te lê, behoort homself te vergewis daarvan dat al die feite in verband met die pleeg van die misdaad behoorlik uitgepluis is, desnoods deur van die Staat te verlang om getuienis voor te lê, waarop die beskuldigde die geleentheid sal hê om te antwoord. En as die Verhoorregter nie bereid is om vir die doeleindes van sy vonnis die verklaring van die beskuldigde ten volle te

/aanvaar ...

aanvaar in ooreenstemming met wat dit op die oog af voorgee om te wees nie, dan spreek dit vanself dat hy sy bedenkinge teenoor die beskuldigde se advokaat behoort te opper, ten einde hom die geleentheid te gee om getuienis aan te bied ter onderskraging van die verklaring.

In die verklaring wat die appellant se advokaat aan die Verhoorhof voorgelê het (paragrafe 2 (b), (c) en (d) soos hierbo aangehaal) word dit duidelik gestel dat die appellant nie die direkte opset gehad het om die oorledene te dood nie, dat hy ten tyde van die aanval op die oorledene sterk onder die invloed van drank was, dat hy daarsonder nie die misdaad sou gepleeg het nie, en dat sy optrede te wyte was aan die feit dat hy deur die oorledene geïrriteer is op die wyse wat genoem word. Op die grondslag van hierdie feite alleen is ek van oordeel dat die vonnis wat die Verhoorregter opgelê het, buitensporig swaar was. Daarby kom nog die volgende tersaaklike

/oorwegings ...

oorwegings wat die Verhoorregter in sy uitspraak noem: uit die omvang en aard van die beserings wat die oorledene opgedoen het, soos blyk uit die lykskouingsverslag, is die afleiding geregverdig dat die appellant "woedend kwaad" was vir die oorledene; dit tel ten gunste van die appellant dat hy ná sy optrede berou daaroor gehad het en die familie van die oorledene om verskoning gaan vra het; en wat die persoonlike omstandighede van die appellant betref, blyk dit dat hy 'n stabiele werksrekord gehad het.

Ten spyte van die voorgaande oorwegings, het die Verhoorregter in die loop van sy uitspraak opgemerk dat "hierdie 'n baie ernstige misdaad" is, en ook gesê: "daar is inderdaad nie veel wat jy vir die beskuldigde kan sê nie". En dan lui die heel laaste gedeelte van die Verhoorregter se uitspraak, net voordat hy die vonnis opgelê het, soos volg:

"Maar, soos ek sê, daar is eintlik baie min

/wat ...

wat vir die man gesê kan word. Hierdie was 'n doelgerigte aanval met die doel om die man dood te maak en dit is net die feit dat daar 'n mate van provokasie was en 'n mate van dronkenskap wat vir jou vandag van die galg gered het."

Die aanslag van die appellant se optrede wat in hierdie uitlatings van die Verhoorregter vervat is, is klaarblyklik nie geregverdig aan die hand van die gegewens wat voor die Hof geplaas is nie. Trouens, dit is in stryd daarmee. Die bevinding dat daar "n doelgerigte aanval met die doel om die man dood te maak" was, is nie versoenbaar met die stelling in paragraaf 2 (b) van die verklaring, dat die appellant nie die direkte opset gehad het om die oorledene te dood nie; die bevinding dat daar "n mate van dronkenskap" was, wyk af van die stelling in paragraaf 2 (c) van die verklaring dat die appellant sterk onder die invloed van drank was en daarsonder nie die misdaad sou gepleeg het nie; en die bevinding "dat daar 'n mate van provokasie was", wyk af van die stelling in paragraaf 2 (d) van die verklaring

/dat ...

dat die appellant se optrede te wyte was aan provokasie van die oorledene, en is bowendien moeilik te rym met die Verhoorregter se eie vroeëre bevinding dat die appellant "woedend kwaad" was. Dit is duidelik dat die uiteindelijke grondslag waarop die Verhoorregter die appellant se vonnis bepaal het, berus het op 'n ernstige mistasting.

Met inagneming van al die tersaaklike omstandighede is ek van oordeel dat 'n vonnis van 10 jaar gevangenisstraf 'n gepaste vonnis is om in die plek te stel van dié wat deur die Verhoorregter opgelê is.

Die appèl word gehandhaaf. Die vonnis opgelê deur die Hof a quo word tersyde gestel en vervang deur 'n vonnis van 10 jaar gevangenisstraf.

A.S. BOTHA AR

RABIE HR

STEM SAAM

HEFER AR

115/85

LL

Saak No 81/1984

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
APPÈLAFDELING

In die saak tussen:

MICHAEL SOCI

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: RABIE HR, BOTHA et HEFER ARR

VERHOORDATUM: 20 SEPTEMBER 1985

LEWERINGSDATUM: 27 SEPTEMBER 1985

UITSPRAAK

/ BOTHA AR ...

BOTHA AR:-

Die appellant kom in hoër beroep teen 'n vonnis van 18 jaar gevangenisstraf wat hom opgelê is in die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop deur BAKER R, nadat hy skuldig bevind is aan moord met versagtende omstandighede. Verlof om te appelleer is deur die Verhoorregter geweier, maar is daarna aan die appellant toegestaan ten gevolge van 'n versoekskrif wat aan die HOOFREGTER gerig is.

Die verhoor van die appellant het soos volg verloop. Toe die aanklag van moord aan hom gestel is, het hy daarop skuldig gepleit. Die advokaat wat namens hom by die verhoor opgetree het, mnr Duminy, het die Verhoorregter meegedeel dat die pleit in ooreenstemming was met sy opdrag, dat hy 'n verklaring opgestel het in-gevolge artikel 112 (2) van Wet 51 van 1977, en dat hy die verklaring sou voorlees en dan inlewer. Die verklaring wat voorgelees en ingelewer is, sien soos volg

/daar ...

daar uit:

- "1. Die Beskuldigde in hierdie aangeleentheid pleit skuldig aan die misdaad van Moord maar pleit dat daar versagende omstandighede aanwesig was.
2. Die feite wat die Beskuldigde erken en waarop hy soos voormeld pleit, is die volgende:
 - (a) Op Saterdag 28 Maart 1981 en te Mbekweni, distrik Paarl, het die Beskuldigde vir ene Mzonke Ninzi gedood deur hom met 'n mes te steek.
 - (b) Alhoewel die Beskuldigde nie die direkte opset gehad het om die oorledene te dood nie het hy wel besef dat hy moontlik deur sy optrede die oorledene se dood kon veroorsaak, maar het desnieteenstaande met sy aanval volhard.
 - (c) Ten tye van die aanval op die oorledene was die Beskuldigde sterk onder die invloed van sterk drank. Daarsonder sou die Beskuldigde nie die misdaad gepleeg het nie.
 - (d) Voorts is die Beskuldigde se optrede te wyte aan die feit dat hy deur die oorledene geprovokeer is deurdat die oorledene sekere van die Beskuldigde se besittings van hom gesteel het en later 'n leë drankbottel na die Beskuldigde gegooi het.

(Get.) W R E Duminy
Beskuldigde se Advokaat"

/Nadat ...

Nadat die verklaring voorgelees is, het die Verhoorregter van die appellant verneem of dit reg is wat sy advokaat gesê het, waarop die appellant bevestigend geantwoord het. Mnr Rörich, wat namens die Staat opgetree het, het die Hof meegedeel dat hy die pleit aanvaar. Die Verhoorregter het daarop gewys dat daar by die klagstaat n verdere verklaring, ingevolge artikel 115 (van Wet 51 van 1977), aangeheg was, en het verneem of dit "ingehandig" word. Mnr Rörich het bevestigend geantwoord en mnr Duminy het die Hof verwittig dat die verklaring ooreenstem met sy opdrag. Daarop het die Verhoorregter aangekondig dat die appellant skuldig bevind word. Die inhoud van die verklaring ingevolge artikel 115 blyk uit die volgende uittreksel uit die Verhoorregter se latere uitspraak tydens vonnisoplegging:

"Hy het daar verklaar dat hy naby n melkery gesit het saam met n ander man wat daar gewerk het en hulle was besig om n 'nipp', dit is n kwart- of n agste-bottel, brandewyn te drink. Die oorledene het daar gekom, sê hy, en die drank gegryp en daarmee wegge-

/hardloop ...

hardloop. 'Hy het na sy huis toe gehardloop. Ons het ander drank gekoop en dit gedrink. Ek het daarna na die oorledene se huis gegaan saam met 'n seuntjie. Toe ek daar kom het die oorledene en sy ma uitgekom. Ek het 'n rapport aan sy ma gemaak. Ek was onder die invloed van drank en het verby gegaan na my huis toe. Ek het 'n rukkie by my huis gebly en toe gaan ek na die oorledene soek. Ek het hom by 'n smokkelhuis gekry. Toe ek inkom het hy probeer weghardloop. Ek sê hom hy moet my drank gee of my geld. Die oorledene hardloop tussen die mense deur en hy hardloop uit. Ek het hom gevolg, ingehaal en ek het hom met 'n broodmes iewers op sy bolyf gestee en op sy been. Hy het geval en ek het huis toe geloop. Ek het die mes vir my pa gegee en hom vertel wat gebeur het.'

Dit blyk dat nadat die beskuldigde bewus geword het dat sy slagoffer inderdaad dood was, het hy berou getoon en die familie gaan besoek en verskoning gevra vir wat hy gedoen het."

Nadat die appellant skuldig bevind is, het mnr Rörich, met die instemming van mnr Duminy, die regsgeneeskundige lykskouingsverslag ten opsigte van die oorledene as 'n bewysstuk ingelewer. Uit daardie verslag blyk dit dat die oorledene agt steekwonde opgedoen het. Twee daarvan was in die borskas, en was noodlottige wonde; die

/ander ...

ander was versprei oor die oorledene se liggaam. Mnr Rörich het ook die appellant se vorige veroordelings, wat hy erken het, aan die Hof voorgelê. Slegs een daarvan is ter sake: in 1975 is die appellant n opgeskorte vonnis van 6 maande gevangenisstraf opgelê vir poging tot roof ten opsigte van n seun van 16 jaar wat hy met sy vuiste geslaan het. Tydens daardie oortreding moes die appellant omtrent 17 jaar oud gewees het, want by sy verhoor in die onderhawige saak, wat in 1981 plaasgevind het, was hy 23 of 24 jaar oud. Mnr Rörich het voorts die Hof meegedeel dat dit gemene saak was dat die oorledene se "bloedalkohol 0,27" was. Daarna het mnre Rörich en Duminy die Hof toegesprek oor vonnis, en ten slotte het die Verhoorregter n uitspraak gelewer waarin die reedsgenoemde vonnis van 18 jaar gevangenisstraf die appellant opgelê is.

Ek het hierbo die hele verloop van die verhoor geskets, omdat ek my verplig voel om te sê dat die beeld

/wat ...

wat daaruit na vore kom verontrustend is. 'n Vonnis van 18 jaar gevangenisstraf is 'n geweldige swaar vonnis. Straftoemeting van hierdie omvang behoort na my mening nie te geskied sonder 'n deeglike en diepgaande ondersoek na al die tersaaklike faktore nie, onder meer die presiese omstandighede waaronder die oortreding gepleeg is. Om so 'n vonnis te vel aan die hand van die karige soort gegewens wat in die huidige geval vorendag gekom het, slegs by wyse van kort verklarings gemaak deur en namens 'n beskuldigde, kom my voor onbevredigend en onwenslik te wees. 'n Verhoorregter wat in gedagte het om so 'n swaar straf op te lê, behoort homself te vergewis daarvan dat al die feite in verband met die pleeg van die misdaad behoorlik uitgepluis is, desnoods deur van die Staat te verlang om getuienis voor te lê, waarop die beskuldigde die geleentheid sal hê om te antwoord. En as die Verhoorregter nie bereid is om vir die doeleindes van sy vonnis die verklaring van die beskuldigde ten volle te

/aanvaar ...

aanvaar in ooreenstemming met wat dit op die oog af
voorgee om te wees nie, dan spreek dit vanself dat hy
sy bedenkinge teenoor die beskuldigde se advokaat be-
hoort te opper, ten einde hom die geleentheid te gee
om getuienis aan te bied ter onderskraging van die ver-
klaring.

In die verklaring wat die appellant se advokaat
aan die Verhoorhof voorgelê het (paragrafe 2 (b), (c) en
(d) soos hierbo aangehaal) word dit duidelik gestel dat
die appellant nie die direkte opset gehad het om die oor-
ledene te dood nie, dat hy ten tyde van die aanval op die
oorledene sterk onder die invloed van drank was, dat hy
daarsonder nie die misdaad sou gepleeg het nie, en dat
sy optrede te wyte was aan die feit dat hy deur die oor-
ledene geïrriteer is op die wyse wat genoem word. Op die
grondslag van hierdie feite alleen is ek van oordeel dat
die vonnis wat die Verhoorregter opgelê het, buitensporig
swaar was. Daarby kom nog die volgende tersaaklike

/oorwegings ...

oorwegings wat die Verhoorregter in sy uitspraak noem: uit die omvang en aard van die beserings wat die oorledene opgedoen het, soos blyk uit die lykskouingsverslag, is die afleiding geregverdig dat die appellant "woedend kwaad" was vir die oorledene; dit tel ten gunste van die appellant dat hy ná sy optrede berou daaroor gehad het en die familie van die oorledene om verskoning gaan vra het; en wat die persoonlike omstandighede van die appellant betref, blyk dit dat hy 'n stabiele werksrekord gehad het.

Ten spyte van die voorgaande oorwegings, het die Verhoorregter in die loop van sy uitspraak opgemerk dat "hierdie 'n baie ernstige misdaad" is, en ook gesê: "daar is inderdaad nie veel wat jy vir die beskuldigde kan sê nie". En dan lui die heel laaste gedeelte van die Verhoorregter se uitspraak, net voordat hy die vonnis opgelê het, soos volg:

"Maar, soos ek sê, daar is eintlik baie min

/wat ...

wat vir die man gesê kan word. Hierdie was 'n doelgerigte aanval met die doel om die man dood te maak en dit is net die feit dat daar 'n mate van provokasie was en 'n mate van dronkenskap wat vir jou vandag van die galg gered het."


Die aanslag van die appellant se optrede wat in hierdie uitlatings van die Verhoorregter vervat is, is klaarblyklik nie geregverdig aan die hand van die gegewens wat voor die Hof geplaas is nie. Trouens, dit is in stryd daarmee. Die bevinding dat daar "n doelgerigte aanval met die doel om die man dood te maak" was, is nie versoenbaar met die stelling in paragraaf 2 (b) van die verklaring, dat die appellant nie die direkte opset gehad het om die oorledene te dood nie; die bevinding dat daar "n mate van dronkenskap" was, wyk af van die stelling in paragraaf 2 (c) van die verklaring dat die appellant sterk onder die invloed van drank was en daarsonder nie die misdaad sou gepleeg het nie; en die bevinding "dat daar 'n mate van provokasie was", wyk af van die stelling in paragraaf 2 (d) van die verklaring

/dat ...

dat die appellant se optrede te wyte was aan provokasie van die oorledene, en is bowendien moeilik te rym met die Verhoorregter se eie vroeëre bevinding dat die appellant "woedend kwaad" was. Dit is duidelik dat die uiteindelijke grondslag waarop die Verhoorregter die appellant se vonnis bepaal het, berus het op 'n ernstige mistasting.

Met inagneming van al die tersaaklike omstandighede is ek van oordeel dat 'n vonnis van 10 jaar gevangenisstraf 'n gepaste vonnis is om in die plek te stel van dié wat deur die Verhoorregter opgelê is.

Die appèl word gehandhaaf. Die vonnis opgelê deur die Hof a quo word tersyde gestel en vervang deur 'n vonnis van 10 jaar gevangenisstraf.



A.S. BOTHA AR

RABIE HR

STEM SAAM

HEFER AR